Stowe, karretjies en playstations

Wysneus: Hallo, Stoffel!

Stoffel: (Stil).

Wysneus: Groet jy dan nie ‘n mens nie?

Stoffel: Ek wil nou nie snaaks wees nie, Wysneus, maar jy is nie ‘n mens nie, jy is ‘n voël.

Wysneus: Nou goed dan, groet jy my nie vandag nie?

Stoffel: (Nors.) Hallo

Wysneus: Sjoe ! En hoekom is jy so nors? Dit lyk kompleet of die honde jou kos afgevat het.

Stoffel: Wat se honde?

Wysneus: By wyse van spreuke.

Stoffel: Spreuke? Daai boek in die Bybel?

Wysneus: Nee, Stoffel, ek bedoel maar net jy lyk nie te lekker nie.

Stoffel: Ek is nie. Ek is dikbek.

Wysneus: Jy kan nie dit sê nie.

Stoffel: Hoekom nie?

Wysneus: Want ons is in die kerk.

Stoffel: Dan mag ek dit sê, want jy sê dan altyd die gebou is nie die kerk nie… ons is die kerk.

Wysneus: Ekskuus, jy is een honderd persent reg, maar sê my wat het oor jou lewer geloop?

Stoffel: Wat se lewer? Ek eet nie lewer nie. Nie eers lewerkoekies nie. Ek dink dit smaak soos afval.

Wysneus: Dis nie waarvan ek praat nie… Jy’t nou’t heeltemal die kat aan die stert beet.

Stoffel: Wat se kat? Ek het nie ‘n kat gesien nie.

Wysneus: Nee, Stoffel, dis nie wat ek wil weet nie…

Stoffel: Nou wat wil jy dan weet? Jy praat altyd so in raaiseltjies. My pa sê my ma praat ook so. Hy kan haar nie verstaan nie.

Wysneus: Ek praat g’n in raaiseltjies nie. Ek gebruik net idiome.

Stoffel: Wat se bome?

Wysneus: Idiome!

Kopiereg: Danie Matthee 2012

Stoffel: Sien! Daar doen jy dit weer. Dit is mos so, maats: Wysneus praat mos in raaiseltjies? Sien! Ek het jou mos gesê.

Wysneus: Dis maar hoe ek praat, maar ons dwaal nou van die punt af.

Stoffel: Ek weet en ek is nogal bly daaroor.

Wysneus: Hoe dan so?

Stoffel: Want ek wil nie vir jou sê hoekom ek dikbek is nie.

Wysneus: En hoekom wil jy nie vir my sê hoekom jy kwaad is nie.

Stoffel: Want ek dink ek weet wat jy gaan sê, en ek dink nie ek gaan daarvan hou nie**.**

Wysneus: O so, en wat dink jy nogal gaan ek sê?

Stoffel: Ek dink jy gaan sê: "Jesus hou nie van revenge nie en laat ek vir Wouter moet vergewe."

Wysneus: Dan neem ek aan dis vir Wouter wat jy so kwaad is?

Stoffel: Hierdie keer is dit jy wat eenhonderd persent reg is. Ek is nie net kwaad vir hom nie - ek is baie, baie BAIE kwaad vir hom.

Wysneus: Sjoe! Dit klink of jy smoor kwaad is.

Stoffel: Ja dis 'n goeie woord, ek dink dis hoe kwaad ek vir hom is. Ek is smoorkwaad vir Wouter.

Wysneus: En hoekom is jy so kwaad vir hom?

Stoffel: Want hy't my splinternuwe karretjie wat ek vir my verjaarsdag gekry het, se wiele gebreek.

Wysneus: Kan jy dit nie reg maak nie?

Stoffel: Nee, want hy het die karretjie op die stoof gesit en toe smelt die wiele weg.

Wysneus: Nou hoekom doen hy so iets?

Stoffel: Want ons het mud cars gespeel en hy het die motorwassery en toe sê hy drip dry vat te lank. Hy gaan my kar quick dry.

Wysneus: En nou's jou kar sonder wiele?

Stoffel: Ja, maar as ek met hom klaar is, gaan sy kar sonder 'n eienaar wees!

Wysneus: Wag nou, Stoffel, jy kan nie so sê nie. Dit was seker net 'n ongeluk.

Stoffel: Hoekom het hy dan gelag en gesê: 'Jou kar kan nie ry nie, pê wê, wê, wê, wê?"

Wysneus: Nou goed - dalk het hy dit aspris gedoen.

Kopiereg: Danie Matthee 2012

Stoffel: Ja, hy het! En nou gaan ek sy nuwe playstation op die stoof sit!

Wysneus: En jy dink dis wat Jesus sou wou hê jy moet doen?

Stoffel: Ek dink nie so nie, maar dis wat ek wil doen.

Wysneus: En wat gaan dit jou help? Sal dit jou karretjie heel maak?

Stoffel: Seker nie, maar ten minste kan hy dan voel hoe dit voel.

Wysneus: En wat dink jy gaan hy dan doen?

Stoffel: Seker my nek breek, want hy gaan baie kwaad wees.

Wysneus: En wat gaan dit jou in die sak bring?

Stoffel: Nie veel nie… behalwe as ek sy nek breek voor ek sy playstation op die stoof braai.

Wysneus: (Ernstig.) Stoffel.

Stoffel: Maar my karretjie is stukkend en dis nie lekker nie.

Wysneus: Ek weet, en ek weet as mens seer het, wil mens ander ook seer maak. Maar weet jy wat Jesus gedoen het toe mense hom seergemaak het?

Stoffel: Wie't Hom seergemaak?

Wysneus: Die soldate het Hom met 'n sweep stukkend geslaan en die mense het op Hom gespoeg en met hom gespot.

Stoffel: Sjoe! Dis baie erger as wat Wouter met my gedoen het.

Wysneus: Ja, en nogtans het Jesus nie terugbaklei nie, maar gebid: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

Stoffel: Rêrig?

Wysneus: Ja, en weet jy hoekom het Jesus dit gedoen?

Stoffel: Nee, hoekom?

Wysneus: Sodat Hy mense wat stukkend en seer is, kan heel en gesond maak. So wat dink jy wil Jesus hê moet jy vir Wouter doen?

Stoffel: Vir hom bid?

Wysneus: En…?

Stoffel: Hom vergewe?

Wysneus: Ja.

Stoffel: Sien! Dis hoekom ek jou nie wou vertel nie, want ek het geweet dis wat jy gaan sê. Maar ek is baie bly ek het, want anders sou ek 'n groot fout gemaak het.

Wysneus: Sou jy Wouter seergemaak het?

Kopiereg: Danie Matthee 2012

Stoffel: Nee, ek sou vergeet het om sy playstation uit die oond te haal voor my ma begin kos maak! (Altwee hardloop vinnig af.)

Kopiereg: Danie Matthee 2012